



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

9 September 2021

Gedagte vir die week:

Judge each day, not by the harvest you reap, but by the seeds you plant.

Vertrekpunt:

Matteus 13:24-30, 36-43

Meditasie uit die Woord:

Wanneer die Woord wat in jou goeie en diep hartsgrond gesaai is, ontkiem en groei, dan word jou lewe goeie saad wat in ander mense se lewens gesaai word. Dit is nogal interessant en kragtig om aan jou lewe te dink as saad wat gesaai word. Dink daaraan: jou lewe groei in ander mense se lewenstuine. Baie keer wil ons ons lewens beoordeel aan die hand van wat ons in ons lewenstyd vir onself gedoen het. Dit is natuurlik nie verkeerd nie, maar dit is n t die  n kant van die spreekwoordelike munt. In hierdie gelykenis word ons bewus gemaak van die ander kant van die munt, wat daarop wys dat ons in die w reld gesaai word, nie n t in ons eie lewenstuin nie, maar ook in ander se lewenstuine. Lyk my Jesus wil vir jou iets vra soos: Wie se saad is jy? God syne of die Bose syne? Wie saai jou? God of die Bose? Wat/hoe is jou lewe? Goeie saad of onkruid? Maar hy vra dit n t vir jou oor jou en nie vir jou oor ander nie. As jy ooit iewers kom waar iemand se gedrag en advies jou laat vermoed dat dit onkruidagtig is, mag jy en moet jy versigtig wees dat dit nie jou gesonde groei verstik of versmoor nie. Onttrek van en vermy daardie persoon, sonder om daardie persoon te oordeel, want eintlik onttrek jy jou meer van die werklike of moontlike effek wat sy/haar lewe op jou lewe kan h . Jy beskerm jou groeispasie. (Terloops: Ek ervaar dat sommige mense net in groepe soos onkruid optree, maar wanneer jy alleen met hulle is, tree hulle op soos goeie saad. Dit is nogal verwarrend.) Hoe dit ook al sy, ons is geroep om goeie saad in die w reld te wees. Ons is nie geroep om oor ander te besluit of te oordeel nie. Kies om nie op die vermoedelike onkruid te fokus nie, fokus op jou eie gesonde groei! In geloofstaal sal ons iets s  soos: moenie die onkruid uittrek nie, bid dat dit sal verander in pragtige blomme.

Youtube-skakel:

Jy kan hierdie week se reisgesprek volg by <https://youtu.be/E-21rAMBxJg>

Meditasie uit die Lewe:

Ntando Mahlangu, 'n leerder aan Afrikaanse Ho r Seunskool in Pretoria, het twee goue medaljes gewen by die onlangse paralimpiese spele. Die een het hy gewen in die 200m naelloop (kategorie T61) en die ander een in die verspring (kategorie T 63). Met sy terugkoms in Suid-Afrika is hierdie lemnaeler uitbundig deur sy skoolmaats verwelkom op die OR Tambo lughawe. RSG se verslaggewer was ook daar en het 'n onderhoud gevoer met Ntando se ma. In die onderhoud s  sy ma: "When he was born I thought that he was a curse from God, now I know he is a blessing from God". Baie keer, wanneer ons sukkel met wat die lewe gee en doen, is ons grootste uitdaging **hoe ons kyk** na wat die lewe gee en doen. Ntando se geboortedag was sekerlik traumaties vir sy ma toe sy die eerste keer na hom kyk, maar nou kyk sy anders na hom. Ek is soooo bly vir haar. Soooo dankbaar saam met haar. Ek weet ek moet my kyke ook oppas en aanpas!

Aantekening:

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. 'n Mens moet net leer hoe om in nederigheid te verskil. Ek nooi jou om saam met my die gawe van respekvolle gesprek te ontdek.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com